

DIE



VAN SURROGAATSKAP

Jul hunkering na 'n kleinding is groot en surrogaatskap jul laaste uitweg. Hier is wat ons almal moet weet

DEUR LYDIA VAN DER MERWE

SÓ WERK SURROGAATSKAP

In die meeste gevalle word in vitro-bevrugting (IVB) ingespan. 'n Eier en sperm van die voornemende ouers word in 'n proefbuis bymekaargebring en die embrio in die surrogaatma se baarmoeder geplaas. Die wet vereis die genetiese materiaal, dus die eier of sperm, van minstens een van die voornemende ouers moet gebruik word. Die surrogaatma se kleur/kultuur kan van die voornemende ouers s'n verskil. Sy is net die "huisie" wat die baba tydens swangerskap dra. Haar genetiese materiaal word nie gebruik nie en die embrio/baba is nie verwant aan haar nie. Sy het geen wettige aanspraak op die baba ná geboorte nie. Die verhouding tussen haar, die voornemende ouers en baba word in 'n kontrak uiteengesit en deur 'n hofbevel bekragtig.

Bron: Adele van der Walt, Pretoriase prokureur

Nege maande lank is Kristi Ellen Theron veilig gedra deur 'n surrogaatmamma – wat 'n onselfsugtige daad! Dankie dat jy haar gedra het asof sy jou eie is! Vandag is sy gebore en ons harte is so bly!"

Dit was **Helenè Bester** se jubelende aankondiging in Junie op Facebook oor die koms van haar en haar man, Jacques Theron, se baba.

Dalk is 'n surrogaatma iets waaroor jy ook lankal wonder. Julle probeer al geruime tyd om 'n baba te hê, insluitende talle onsuksesvolle pogings met in vitro-bevrugting (IVB).

Of dalk het jy nie 'n baarmoeder nie. Hetsy omdat jy 'n histerektomie gehad het of sonder een gebore is, verduidelik prof. Thinus Kruger van die vrugbaarheidskliniek by die Vincent Pallotti-hospitaal in Kaapstad.

Hoe ook al: Surrogaatskap blyk uiteindelik jul laaste uitweg te wees om jul eie kindjie te hê.

As julle 'n heteroseksuele paar is, vereis die hooggeregshof inderdaad 'n mediese sertifikaat dat jy nie self 'n baba kan dra nie. By homoseksuele mans is dit uiteraard nie nodig nie. Prof. Kruger sê hy was nog nooit betrokke by 'n lesbiese paartjie wat 'n surrogaat

wil gebruik nie, omdat minstens een gewoonlik 'n gesonde baarmoeder het.

Surrogaatskap is plaaslik wettig en medies moontlik, maar nie so maklik nie. Dis 'n komplekse en duur proses. En dit neem nie toe nie, dis net meer in die kollig, sê hy.

Daar is boonop net 'n handvol vroue wat medies, emosioneel en sielkundig geskik is om iemand anders se baba te dra. En bereid is om die verantwoordelikheid op al daardie vlakke te aanvaar.



SÓ LYK 'N SURROGAATMA

Hulle staan nie tou op die vrugbaarheidskliniek se stoep nie, sê prof. Kruger. Dikwels is sy iemand binne jou eie leefwêreld, 'n niggie, vriendin, iemand in die kerk. "Dis 'n besonderse mens met 'n groot hart. Sy doen dit om 'n ander vrou te help. Sommige surrogate sê selfs hulle hou daarvan om swanger te wees."

Daar is bv. 'n Johannesburgse vrou wat al drie kinderlose pare se babas die wêreld ingebring het.

Dis ook iemand wat besef sy moet die baba afgee en ná die geboorte kan wegstap. Sy het 'n goeie daad gedoen,

iemand gelukkig gemaak en dis dit. Sy verwag niks meer nie.

Prof. Kruger sê in al sy jare by die vrugbaarheidskliniek was daar net een surrogaatma wat 'n bietjie huiwerig was om die kindjie te laat gaan, maar sy het dit uiteindelik tog gedoen. Die surrogaatma word vooraf sielkundig geëvalueer en as dié siftingsproses goed gedoen word, behoort dit nie te gebeur dat sy die baba wil hou nie. Sy sien ook gedurende die swangerskap gereeld 'n sielkundige.



DIE ONTMOETING

Die voornemende ouers word aan die moontlike surrogaatma en haar man voorgestel. As sy getroud is, moet haar man ook toestemming gee. Die voornemende ouers kry dan tyd om te besluit of hulle 'n pad saam met die surrogaat sal kan stap. Albei partye word begelei deur 'n sielkundige, medici en regsgeleerde, wat na die praktiese detail omsien. Dis belangrik dat die toekomstige ouers gemaklik met die proses en surrogaatma voel, sê prof. Kruger.

Die twee groepe besluit self hoeveel kontak hulle wil hê. As daar spontaan 'n vriendskap ontwikkel, is dit goed. Soms kuier hulle selfs oor en weer, en dit het al gebeur dat die nuwe ouers die surrogaatma na die kindjie se doop nooi.

Maar dis nie nodig nie, sê prof. Kruger. Dis meestal 'n respekvolle verhouding waar albei groepe mekaar se grense eerbiedig. 'n Maatskaplike werker word ook betrek om daarmee te help.



ALBEI PARTYE AAN BOORD

Die twee groepe gaan dan vir sielkundige evaluering. Daar moet bv. bepaal word of die voornemende ouers geskik is. En dat die surrogaatma bv. nie die swangerskap onnodig sal beëindig nie. As die sielkundige die groen lig gee, gaan die betrokkenes vir bloedtoetse om vir aansteeklike siektes te toets. Daarna word 'n waterdigte kontrak opgestel en deur 'n regter van die hooggeregshof bekragtig. Dit beskerm

die voornemende ouers, surrogaatma en baba. Dit was eers maklik om voornemende ouers, desperaat vir 'n baba, uit te buit, sê Adele van der Walt, 'n prokureur van Pretoria wat in die mediese reg, surrogaatskap ingesluit, spesialiseer. Maar nie meer nie.

IS JY DALK 'N 'N SURROGAATMA?

- Sou jy belangstel om 'n surrogaatma te wees, moet jy by 'n vrugbaarheidskliniek jou dienste aanbied.
- Jy is die soort mens saam met wie die gemiddelde vrou gemaklik voel.
- Jy moet emosioneel en fisiek gesond wees en moet medies en sielkundig geëvalueer word.
- Jy moes minstens een suksesvolle bevalling gehad het en 'n kind van jou eie hê.
- Jy mag nie rook of drink nie en 'n gesonde leefstyl volg.
- Jou familiebande moet sterk wees en jou omgewing emosioneel stabiel.

Bron: Prof. Kruger en Adele van der Walt



WAT SÊ DIE WET

In April 2010 het die Kinderwet se hoofstuk oor surrogaatskap van krag geword. Die reëls van surrogaatskap word daarin uitgestippel. Volgens Adele kon die betrokke partye voorheen sommer 'n informele, mondelinge ooreenkoms aangaan.

- Surrogaat-agentskappe kon voornemende ouers eers baie geld vra om hulle in kontak met 'n moontlike surrogaat te bring. Ná 'n hofuitspraak in 2011 moet agentskappe nou onder eed verklaar hulle is nie vir die uitruil van inligting betaal nie. Hulle kan wel 'n klein administrasiefout soos R500 vra. 'n Surrogaat kan nie adverteer nie, om te keer dat die mark kunsmatig gestimuleer word.
- Belangrik is dat die voornemende ouers en surrogaat vooraf informeel bespreek wat gebeur as daar mediese

redes is om die swangerskap te beëindig, verduidelik sy. (As toetse bv. op 'n genetiese afwyking wys.) Sal die surrogaat haar toestemming gee? Dit kan nie kontraktueel bepaal word nie, omdat dit die surrogaat se grondwetlike reg op liggaamlike integriteit aantast. Die meeste vroue sê dis die voornemende ouers se besluit. (As haar eie lewe nie in gevaar is nie.) Stem sy nie daartoe in nie, moet die voornemende ouers besluit of hulle bereid is om daardie risiko te neem.

- Indië is een van min lande wêreldwyd waar dit wettig is om 'n vrou vir surrogaatskap te betaal. Dis dan ook 'n gewilde bestemming vir ouers wat 'n "baarmoeder wil huur", sê Adele. Maar dit kan ingewikkeld raak omdat Indië nie aannemings erken nie.

Plaaslik is dit onwettig om surrogaatskap as bron van inkomste te gebruik. Die toekomstige ouers is wel verantwoordelik vir alle uitgawes rakende die swangerskap. Dit sluit byvoorbeeld in reis en verblyf as die surrogaat die dokter moet besoek en ver woon, 'n oppasser vir haar eie kinders as sy dokter toe moet gaan, vitamien-aanvullings, kraamdrag, ens. Ook vir die verlies aan inkomste. (As sy bv. 'n paar maande lank nie kan werk nie weens 'n moeilike swangerskap.) Die ouers neem ook vir haar 'n lewensversekeringspolis vir die duur van die swangerskap uit.

- Mediese fondse betaal nie vir enige vrugbaarheidsbehandeling nie, maar wel vir die swangerskap. Dis belangrik dat die surrogaat reeds voor sy swanger raak op 'n mediese fonds is. As sy reeds swanger is, gaan die fonds nie daarvoor betaal nie. Die kindjie word ná geboorte op die ouers se mediese fonds geplaas.

- Die ouers se name verskyn op die geboortesertifikaat. Anders as vroeër, is dit nie meer nodig om die baba aan te neem nie, volgens Adele. ■

Bykomende bron: www.surrogacy.co.za (Lees ook ons onderhoud met Helenè Bester in dié uitgawe.)

KONTAK

Prof. Kruger: 021 938 9209, medici@aevitas.co.za;
Adele van der Walt: 012 460 3668, www.medicalnegligence.co.za, www.medicallaw.co.za, www.surrogacyagreements.co.za